# Soldaat Meervoude

## Diftonge, dubbelklanke en klinkers



# Diftonge

Hierdie is die siek soldate. Hulle lyk nie dieselfde nie (bv in die diftong aai is die aa en die i klank nie dieselfde.)

As daar oorlog is bly hulle net in hulle tente en kry net 'n kospakkie of n inspuiting. Hulle kry net 'n "s" of 'n "e" agter aan

S - Insuiting E - Kospakkie

Bv leeu - leeus

ooi - ooie


ooi


eeu


aai

oei


S
S
S




# Dubbelklanke

Hierdie soldate is bang. Hulle lyk dieselfde en loop saam. As die meervoude hulle aanval, hardloop hulle weg en gaan kruip agter die boom weg (m.a.w die een klank van die dubbelklank hardloop weg.) Daarom kry hy net 1 geweer en 'n kospakkie.

1 geweer dui daarop dat die een klank van die dubbelklank wegval. Die kospakkie dui op die e wat agter aan die woord kom

Bv boom – bome


aa

oo

ee


uu









# Klinkers

Plak 5 soldate op die bord. Op elke soldaat is daar 'n klinker.

Die onderwyser se vir die leerders dat die soldate baie dapper is, maar omdat hulle so kort is kry hulle elkeen twee gewere en 'n kospakkie. Die onderwyser plak dan nog n geweer by die soldaat en gee vir hom n kospakkie.

Die onderwyser gee dan vir die leerders die volgende voorbeeld:

Bv. Kat – a is n klinker en is dan dapper daarop kry hy twee gewere( t en t) en n kospakkie(e). Dit is dan katte.

Kat – katte


a

e


i

o


u








e

e

e

e

e